Geliefde Lourensrivierder

Daar was geadverteer dat die duiwel sy gereedskap op 'n veiling gaan aanbied vir voornemende kopers. Op die dag van die verkope was die gereedskap uitgestal vir algemene inspeksie deur voornemende kopers, elke gereedskap-stuk was gemerk met die reserwe prys wat die duiwel daarvoor soek. Dis was 'n verraderlike versameling gereed-skapstukke – Haat, Jaloesie, Leuens, Hoogmoed, Verleiding en nog baie meer. Maar eenkant op 'n afsonderlike tafel het 'n gereedskapstuk gelê wat op die oog af baie onskuldig gelyk het, maar mens kon sien die stuk is al baie gebruik en die reserwe prys was uitsonderlik hoog vir die stuk gereedskap. "Wat is die naam van die gereedskap-stuk?" vra een van die voornemende kopers terwyl hy na die stuk wys. "Dit is ***Moedeloosheid***", antwoord die duiwel. "Hoekom is die reserwe prys so hoog?" "Want dit is een van my mees waardevolste gereedskapstukke... meer waardevol as al die ander saam. Ek kan mense se gedagtes oopdwing en ingaan met die gereedskap wanneer al die ander glad nie wil werk nie. Wanneer ek eers in hul gedagtes is kan ek maak net wat ek wil met hulle. Ek weet die slytasie op die stuk is al baie maar ek gebruik die stuk die meeste van almal omdat die meeste mense nie besef dat dit aan my behoort nie"....

Met 'n besiger-as-besig kwartaal wat verby is, is jy dalk ook moedeloos en moeg verby, maar Jesus het vir ons die oplossing in Luk 18:1-8 ~ *"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie"*



Soos belowe, deel ek met jou die stukkie wat ek laas Sondag in ons Kinderdiensboodskap gebruik het:
Greg Laurie het geskryf: *"If you were arrested for being a Christian, would there be enough evidence to convict you? By "evidence," I don't mean how many Bibles you own, or how many bumper stickers you might have on your car with Christian sayings on them. I mean hard evidence. If your family members, neighbors, and coworkers were interviewed and asked the question, "Is (your name here), in your opinion, a real Christian?" we might not be happy with the response.*
The only way others can tell whether you are a Christian is by your works. While all the good works in the world won't save a person (Titus 3:5), they are reasonable evidence that someone is saved."

Jy is goed genoeg vir die Here nes jy is, gee vir Hom jou tekortkominge, swakhede en bekommernisse om aan te werk, begin leef vir Hom en laat die wêreld Sy liefde deur jou ervaar....
Kom ons sing saam met Retief Burger: Hier is ek (klik op skakel) https://www.youtube.com/watch?v=xTix4kS40JE

NUUSKRUMMELS: 13 Junie 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

BELOFTELAND, DINAMIET KIEDZ & LIFELINE
Geen byeenkomste.
Heerlike vakansie vanaf 17 Junie – 8 Julie
Volgende byeenkomste begin: 14 Julie

WOEKERHOEKIE:

Tans te koop:
Gevriesde klein quiche pasteitjies (9 pakke van 6) @ R40 elk
(Dit kan vinnig in mikrogolf opgewarm word soos nodig)
Twee soorte:
~ Uie & ham met kaas
~ Roomgroente met kaas

Skilferkors Marmite Rolletjies en stokkies @ R20 per pakkie

Anna se heerlike Marmelade @ R35
Canola & Olyfolie @ R85 OF gewone Canola Olie @ R75
Lappiesboontjies @ R45/kg
Heuning @ R60 per potjie (400ml)

Droëvrugte @ R70 p/kg
Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne & Gemeng

SINETHEMBA

"Sinethemba vir die kinders" werksbesoek: 22 - 30 Junie 2019
Ons bedank elkeen wat reeds 'n bydrae gegee het vir die aankoop van die materiaal (gordyne, matrasse, duvets & oortreksels, kussings en voorraad vir die herstel van die draad, kaste, deure, loodgieterswerk en elektriese werk) vir Sinethemba. Ons kort nog fondse om alles aan te koop en vra dat indien iemand nog 'n bydrae wil maak, dit in die volgende rekening inbetaal word.

NAAM:	VGK DECOLIGNY SALARISFONDS
BANK:	ABSA
TAK:	STRAND 334-218
NOMMER:	4060646513
VERWYSING:	Sinethemba 2019

Ons vra almal wat graag wil saamgaan, om die week daar te gaan werk, op Dinsdag, 11 Junie om 19:00 in die Lourensrivier konsistorie bymekaar kom om die reëlings te finaliseer.
Baie dankie
Willem Botes, 083 658 2154 of 021 854 4620, Epos: wgpbotes@gmail.com

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

HUIS PAM BRINK
ESPERANZA VERSORGINGSDIENS

VAKANTE POS:
VERPLEEGDIENSBESTUURDER

Aansoeke word ingewag vir 'n Professionele Verpleegkundige met goeie bestuursvaardighede, inisiatief en die vermoë om personeel op te lei en te bemagtig om sodoende hoë gehalte sorg aan verswakte inwoners in 'n dinamiese omgewing te lewer.

Voorkeur sal gegee word aan 'n persoon met psigiatriese kundigheid.

RIG CV MET VERWYSINGS AAN:
DIE BESTUURDER
MEV B V LOUW
DONALDSONSTRAAT 11
STRAND
7140

SLUITINGSDATUM: 21 Junie 2019

We are just under 4 months away from our annual **CANSA Relay For Life** Event which will be taking place on 5/6 October. I know 4 months seems like a long time away but believe me time goes by so fast and before you know it October has arrived. Registration is open for the 2019 Relay so do not delay enter your name today. Final team names can be sent through later so just send me a mail so that I can register your team. As each team registers and pays in full I would like to post an article about your team and Why Do You Relay on our FB page to share your story with others.

Our Theme is Super Hero's for the next Relay so you can start planning now already. It is winter and many cold evenings ahead to put your heads together and to start planning. Don't forget about fundraising as one of the Reasons we Relay is to raise fund for CANSA. As you raise funds you can start depositing into CANSA account under your teams name. We have our 1st Team that did a fundraising and Raised over R2300 and have deposited into CANSA's account. Well Done to Cassie from Team Xabulous .

Please Remember to send me all your survivors details so that we can double check that we have everybody on our data base.

Let me know if you any questions.
Kind Regards
Lucille Kruger (Team Chairperson)
0729286135

1-30 JUNIE ACVV STRAND is weer deel van die landswye Winter Hoop projek. Ons wil vra dat u ons met die volgende items help om weer 'n verskil in minderbe-voorregte mense se lewens te maak. Klere, skoene, onderklere, mussies, handskoene, serpe, komberse, nie-bederfbare voedsel. Skenkings kan afgegee word by De Villiersstr.15, Strand of u kan Jackie Dippenaar kontak by (021) 854-7215. Enige bydrae sal baie waardeer word.

Nuwe kerkseisoen:

Koninkrykstyd begin wanneer die Pinksterseisoen afsluit met Pinksterfees (middel-Junie) en Dit eindig met die Sondag van Christus die Koning, net voor die Adventseisoen en dus die volgende kerkjaar (einde November). Die eerste Sondag in Koninkrykstyd staan bekend as Drie-eenheidsondag en die laaste as Sondag van Christus die Koning. Daar is geen besondere feeste (soos bv. Advent, Kersfees, Lydenstyd, Paasfees en Pinkster) gedurende hierdie tyd op die kerklike kalender nie. In die suidelike halfrond val Koninkrykstyd in die herfs en veral in die winter waartydens ons die groen van die natuur sien verdwyn. Ons beleef dus in Suider-Afrika, anders as in die noordelike halfrond, in hierdie seisoen van die kerkjaar die tekens van afsterwe en doodsheid. Reeds in Paastyd en Pinkster word ons egter uitgedaag om die krag van die opstanding te midde van hierdie sigbare tekens van doodsheid te verkondig, te bely en uit te leef.

Koninkrykstyd is die seisoen waarin die kerk, onder "bestuur" van die Heilige Gees, opnuut dink oor wat dit beteken dat die Heilige Gees op Pinksterdag aan die kerk gegee is en in elkeen van ons woon. Hiervan is ons verseker toe ons die dag gedoop is, ook in die Naam van die Heilige Gees, wat volgens die doopformulier beteken: "Ons doop verseker ons daarvan dat die Here deur sy Gees in ons woon en ons lewe daagliks so wil regeer dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon."
Die koninkryk van God word in oënskou geneem en, omdat ons deel daarvan is, gevier. Elke lewensterrein word in die lig van die Woord bespreek. Ons word deurentyd daaraan herinner dat ons as kerk Coram Deo lewe. Die kerk se missionêre gerigtheid is daarom ook in die kollig.
Tot hier het die klem in die kerklike jaar geval op wat God vir ons gedoen het. Nou word klem gelê op ons verantwoordelikheid teenoor God, ons broers en susters, asook ons naaste en die wêreld om ons.
(inligting verkry vanaf Communitas se webwerf: http://communitas.co.za/)

Wat vier ons in Koninkrykstyd? Soos die naam van hierdie seisoen aandui, gaan dit daaroor dat die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) gevestig word in elke faset van die lewe.

Simbole, gebruike en rituele in Koninkrykstyd: Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis in die wêreld.

Kleure in Koninkrykstyd: Verskillende skakerings van groen dui in Koninkrykstyd op lewe, groei en vooruitgang.

KNIEWERK:

- Paul Louw (kankerbehandeling)
- Anna van der Merwe herstel na skouer-operasie
- Burrie van Zijl in hospitaal
- Innige meegevoel met Natasha Latsky en familie met die heengaan van haar pa

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SO., 16 JUNIE SE BOODSKAP: JOH. 16:12-15
KONINKRYKSTYD BEGIN (TRINITEITSONDAG EN DIE WEEK DAARNA)

Drie-eenheidsondag is die eerste Sondag van Koninkrykstyd en ook 'n feesdiens. Dit is 'n goeie geleentheid om te fokus op hoe al drie Persone van die drie-enige God aktief teenwoordig is in ons lewe. Die kleur vir Koninkrykstyd is groen en kan ook in ons huise gesimboliseer word.
Drie-eenheidsondag is egter 'n viering van die drie-enige God en daarom kan die kleure wit en goud wees♫♫

Die “trinity knot” is ‘n tradisionele Keltiese simbool van die Drie-eenheid, wat ook terugverwys na die Ιχθυς vis-simbool.
“The **ichthys** or **ichthus** (/ˈɪkθəs/), from the Greek *ikhthýs* (ἰχθύς 1st cent. AD Koine Greek [ikʰˈtʰys], "fish") is a symbol consisting of two intersecting arcs, the ends of the right side extending beyond the meeting point so as to resemble the profile of a fish. The symbol was adopted by early Christians as a secret symbol. It is now known colloquially as the "**sign of the fish**" or the "**Jesus fish**".”

Dit dui op die eenheid en ewigheid van God. Dis ook die simbool wat op die titelblad van sekere uitgawes van die New King James vertaling van die Bybel gebruik word. Die sirkel word soms bygevoeg om die eenheid en ewigheid van God te beklemtoon, hoewel sommige bronne sê dat die sirkel God se liefde simboliseer.

Die fokus in die teks is op die Gees as onderwyser (leermeester) van die dissipels van Jesus Christus. Maar wat merkwaardig is, is dat daar niks nuuts in sy onderwysing is nie, aangesien dit trou aan die kommunikasie van die Gees is om in lyn te bly met die basiese onderrig van Jesus self.
Alhoewel Jesus met die beperkte kapasiteit van sy dissipels te make gehad het en net aan hulle kon leer wat hulle op daardie stadium in staat was om te hoor, sit die werk van die Gees Jesus se onderrig voort totdat dit voltooi is. Meer as dit, die Gees van waarheid bring heerlikheid aan Christus en by implikasie aan die Vader, en nie aan die Gees sigself nie. Onderrig wat aanspraak maak op inspirasie fokus noodwendig weg van die een wat die onderrig doen en is spesifiek gerig op Christus. Tot vandag onderskei die kerk die waarheid deur te vra of dit op Christus bou.

Aan die een kant is die rol van die Heilige Gees dus dié van bewaring (conserving). Die Gees stel die geloofsgemeenskap in staat om op enige stadium in hulle lewe terug te reik na die onderrig van Jesus en te onthou wat Hy hulle geleer het. Dit moet as 't ware nuwe lewe en nuwe verstaan van Jesus se lering in nuwe omstandighede na vore roep.
Aan die ander kant, is die rol van die Heilige Gees as onderwyser om "kreatief" te wees. Die Gees stel die woorde van Jesus in staat om vorentoe te beweeg van 'n sekere moment in die geskiedenis tot die teenswoordige lewe van die kerk. Die Gees gee nuwe betekenisse aan die lering van Jesus soos wat veranderende omstandighede van geloofsgemeenskappe in die wêreld vereis.

Mag julle 'n welverdiende blaaskans kry gedurende die skoolvakansie en mag die Here Sy engele stuur om jul te beskerm en bewaar waar jul ookal gaan.

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE